DEKLARASIE VAN GELOOF VIR DIE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA

Soos aanvaar deur die Algemene Kerkvergadering van die Presbiteriaanse Kerk van Suidelike Afrika in 1986 en amendeer in 1993 en 1994.

Ons glo in die een ware God,
Vader, Seun en Heilige Gees.

Ons glo in die Vader,
wat die hele wêreld geskape het en regeer,
wat alles in Christus sal verenig
en wie se wil is dat sy hele volk sal saamwoon
as broers en susters van een familie.

Ons glo in Jesus Christus, die Seun,
wat ‘n mens geword het, geleef,
gesterf en triomfantelik opgestaan het,
om mense en die wêreld met God te versoen,
om elke muur van skeiding af te breek,
hetsy ras, kultuur of stand,
en om al God se mense in een liggaam te verenig.
Hy is verhoog as Here oor alles,
die enigste Here oor elke faset van die lewe.
Hy gebied beide die individu en die gemeenskap,
beide Kerk en Staat,
om geregtigheid en vryheid vir almal te vind
en versoening en eenheid onder alle mense te bring.

Ons glo in die Heilige Gees,
die pand van die komende heerskappy van God,
wat aan die Kerk krag gee
om die Evangelie aan die hele wêreld te verkondig,
om alle mense lief te hê en te dien,
om te streef na geregtigheid en vrede,
om die mens en die nasie teen God se oordeel te waarsku
en om beide op te roep tot verootmoediging,
en Jesus Christus te vertrou en te gehoorsaam as
die Koning wat in heerlikheid sal terugkom.